


Welkom by
NG The Reeds
Veilige hawe
vir nuwe hoop

Watter kant toe val jy?

Genesis 22:1-19.



Votum



Seëngroet



Lied 209: 1

Heer, met my hele hart
kom sing ek 'n lofsang,
kom ek van u magtige wonders vertel
en van al u reddingsdade.
Heer, met my hele hart

L 209:1 (vervolg)

kom sing ek 'n lofsang.


Ek wil oor U altyd bly en vrolik wees,

ek wil u Naam besing.


Ek wil oor U altyd bly en vrolik wees.

Halleluja!

Dankoffers



Dankoffers



Genesis 22: 1-14



Flam 133

As ek stil word
om by U te wees
bedaar my hart
se donker vrees.

As ek u hartklop
teen my wang kan voel
verstaan ek wat u Woord bedoel.

U is wonderbare Raadsman,
U is magtige God,
U is ewige Vader,
U is Vredevors.

Genesis 22: 1-14





Trust fall fail

Genesis 22:1-3

1. 'n Ruk na die vorige gebeurtenisse het God vir Abraham op die proef gestel en vir hom gesê: "*Abraham!*" Hy het geantwoord: "*Hier is ek!*" 2. God het vir hom gesê: "*Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek **Moria** (Die berg waar die oog oopgaan vir God) toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal **aanwys**.*" 3. Vroeg die volgende môre het Abraham 'n donkie opgesaal en hout gekap vir die brandoffer. Hy het twee slawe saamgevat en ook sy seun Isak. Toe het hy vertrek na die plek toe wat God vir hom aangewys het.

Genesis 22:4-8

4. Op die derde dag het Abraham die plek uit die verte **gesien**. 5. Toe sê hy vir sy slawe: "*Wag hier met die donkie. Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle toe.*" 6. Abraham het die hout vir die brandoffer op sy seun Isak se rug getel en self vuur en 'n mes saamgevat. Terwyl hulle twee so saamloop, 7. sê Isak vir sy pa: "*Pa?*" en Abraham antwoord: "*Ja, my seun?*" Toe vra Isak: "*Hier is vuur en hout, maar waar is die lam om te offer?*" 8. Abraham het geantwoord: "*My seun, God sal sy eie offerlam **voorsien**.*" Daarna het hulle twee saam verder gestap.

Genesis 22:9-14

9. Toe hulle aankom by die plek wat God vir Abraham **aangewys** het, het Abraham daar 'n altaar gebou. Hy het die hout reggesit en sy seun Isak vasgebind en op die altaar neergesit, bo-op die hout. 10. Net toe Abraham die mes vat om sy seun te slag, 11. roep die Engel van die Here uit die hemel na hom: "*Abraham, Abraham!*" Hy het geantwoord: "*Hier is ek!*" 12. Toe sê God: "*Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie.*" 13. Toe Abraham weer kyk, **sien** hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings in 'n bos vasgevang is. Hy het die ram gaan vat en hom in die plek van sy seun as brandoffer geoffer. 14. Toe noem Abraham die plek: "**Die Here voorsien** (*Die berg waar die oog oopgaan vir God se voorsiening*)."
Daar word nou nog gesê: "**Op die berg van die Here word voorsien.**"

Die verhaal van
van ons teks is
skrikwekkend

Dit ontstel ons nie
meer nie, want ons
weet vooraf hoe dit
gaan eindig

Twee legends in
Joodse literatuur





**Daar is ten minste drie vlakke
wat ons moet raaksien:**

1. Die eerste vlak is bloot die menslike vlak.



**Daar is ten minste drie vlakke
wat ons moet raaksien:**

2. Isak was die kind waarvoor Abraham en Sara gewag het



**Daar is ten minste drie vlakke
wat ons moet raaksien:**

**2. Isak was die kind waarvoor Abraham en Sara gewag het
Hulle het hom dan uit die hand van die Here ontvang**



**Daar is ten minste drie vlakke
wat ons moet raaksien:**


3. Isak is die seun van die belofte

Breek God sy belofte? Het hulle iets verkeerd gedoen?

Verstaan ek God verkeerd?

Ons grootste beproewing of toets kom juis oor ons pad wanneer daar dinge gebeur wat ons net glad nie verstaan nie, omdat dit vir ons lyk of God besig is om lynreg teen sy eie planne ingaan.


Martin Luther

- 
- Wanneer dit gebeur kan ons troos vind - ons is nie die 1^{ste} persone wat hiermee worstel nie
 - Ons het groot voordeel bo Abraham: Ons weet God het van begin af nooit regtig bedoel dat A vir I offer.
 - Sedert die koms van Christus weet ons meer v God se hart en sy werklike intensie. Daarom behoort ons beter te vaar!



Waaroor gaan dit in hierdie toets?


1. Dit gaan oor
'n verhouding

A man with a long white beard and a young boy walking through a desert landscape at sunset. The man is wearing a brown robe and holding a wooden staff. The boy is wearing a brown robe and carrying a bundle of sticks on his back. The background shows rolling hills and a warm, golden light from the setting sun.

Fokus ons geloof
op die gawes
of die Gewer?

**Waaroor
gaan dit in
hierdie
toets?**

2.Dit gaan oor
die fokus van
sy geloof



Waaroor gaan dit in hierdie toets?

Dit wat sy plek vat
moet opgeoffer word,
teruggegee word – dan bly dit
God s'n en genade bly genade

2.Dit gaan oor
die fokus van
sy geloof



**Wat wil dit
vir ons sê**

**Dit gaan oor
anders kyk
na God se
gawes**

**Abraham en Sara sou nooit
weer na hierdie episode
dieselfde na Isak kyk nie!
Hy is God s'n... Hy is geleen...**

Geloof: Nie ek weet wat God
gaan doen nie, *maar ek weet*
Wie en hoe God is!



Isak, ek weet nie hoe nie;
Ek weet nie waarom nie;
Ek weet nie wat op hierdie
berg gaan gebeur nie;
Maar ek weet net een ding:
God sal voorsien!

Hoe oorleef 'n mens so 'n toets?

Abraham se geheim
weggesteek in
Gen. 22:8

*“My seun, God sal sy eie
offerlam voorsien”*



Teks gaan eintlik om God en sy voorsienigheid raak te sien?

Teks beweeg van Abraham
wat nie sien nie (8), waar hy
huiwerend, vraend en biddend
sê... na 'n Abraham wat
glo-end bely: *“Op die berg van
die Here word voorsien!”* (14)



Voorsien God regtig altyd?

Geloof is nie: God gee
altyd die uitkoms wat ek
wil hê nie, maar selfs
wanneer die uitkoms
anders is, is God steeds
God!




Trust fall fail



Watter kant toe val jy?

Wanneer die pad wat jy loop nie meer sin maak nie, word geloof 'n saak van vertroue

Gebed



Flam 10

Jesus, alles gee ek U,
wat ek *is* en *het*
en *wat ek ooit sal wees.*

Jesus, alles gee ek U,
wat ek *is* en *het*
en *wat ek ooit sal wees.*

Al my hoop, my planne en my tyd
lê ek in u hand,
vertrou ek aan U toe.

Al my hoop en planne en my tyd
lê ek in u hand,
vertrou ek aan U toe.

Deur u wil te doen,
leer ek om vry te wees.

Deur u wil te doen,
leer ek om vry te wees.

Jesus, alles gee ek U
wat ek is en het
en wat ek ooit sal wees.

Seën

